The Cradle of Hope

(Incorporated under Section 21) 2007/030236/08
NPO Number 062-511-NPO • PBO Number 930 027 742

P.O. Box 2648
NOORDHEUWEL
1756

Office : No. 3 Judy Place
23 Clew Road, MONUMENT
Krugersdorp

Cell : 082-459-5747 Melodie
Fax : 086-528-9914

E-mail : zac@thecradleofhope.org
Website : www.thecradleofhope.org

"COMPASSION WITHOUT BORDERS"

(NUUSBRIEF NOMMER 3/2009 – 10 MEI 2009)

MOET ASSEBLIEF NIE NA HIERDIE E-POS ADRES TOE ANTWOORD NIE!!!
Indien u 'n e-pos wil stuur gebruik asseblief een van die volgende e-pos adresse:

- ***Vir alle administratiewe doeleindes:***
  admin@thecradleofhope.org
- ***Vir alle finansiele doeleindes:***
  albertus@thecradleofhope.org
- ***Vir alle fondsinsamelings doeleindes asook alle donasies:***
  melodie@thecradleofhope.org ***of***
  petra@thecradleofhope.org

Liewe vriende

Baie baie dankie aan al die **CRADLE** vriende wat ons gedurende die afgelope jaar ondersteun het en ons gehelp het om 'n verskil in baie minderbevoorregte persone se lewens te maak. Sonder die hulp van ons donateurs sou ons nie hierdie werk kon doen nie. Baie baie dankie aan almal wat gehelp het met geldelike skenkings, skenkings van klere, kos, meubels en ander lewens middelle. Ook aan die van julle wat julle tyd en julle talente beskikbaar gestel het. Baie dankie! Julle hulp word ongelooflik baie waardeer. Ons kan eenvoudig nie hierdie werk alleen doen nie.

1) **KRONINGSPARK STIMULERINGS GROEPIE:**

Ons is baie dankbaar om te kan sê dat dit baie goed gaan met **THE CRADLE OF HOPE** se projek rondom die "stimulerings groepie" van die Kroningspark tentdorp. Tans is daar daagliks 20 kleuters wat die groepie bywoon en met die hulp van ons vrywilligers, Juffrou Tanya en Juffrou Christene, bied ons elke weeksdag vanaf 10h00 tot 12h30 vir hulle 'n lessie aan. Ons leer van handjies was, tandjies borsel, gesonde kos, hoe om ons troeteldiere te versorg, tel van 1 tot 10, bou legkaarte, speel bal-speletjies en nog baie meer. Tannie Elmarie ry elke Dinsdag al die pad van Pretoria af om ook te kom hand bysit.

Die kleuters ontvang ook elke oggend om 11h00 'n lekker gesonde ete. Baie

dankie aan almal wat hiertoe bydra. Dis ons misie om nie net hulle magies vol te hou nie, maar om ook seker te maak dat hulle gesonde kos eet, sodat hulle lyfies sterk en hulle breintjies slim kan word!

THE CRADLE OF HOPE verskaf ook elke dag om 06h00, ook naweke, 'n lekker bord warm pap aan elke kind van die tentdorp, asook aan die bejaardes wat daar woon. Ouma Angie, wat ook in die tentdorp woon, staan elke oggend om 04h00 op om die pap gereed te kry. Baie dankie Ouma Angie, jy is kosbaar!!! Enige skenkings ten opsigte van mieliepap, Oats, Langlewe Melk, suiker en margarien sal opreg waardeer word. Aangesien daar ook geen krag in die tentdorp is nie, gebruik ons tans gas om die kos mee te kan voorberei, en as enige iemand ons kan help met 'n skenking sal ons dit baie waardeer. Ons gebruik tans ongeveer 9kg gas per week.

THE CRADLE OF HOPE verskaf ook elke middag om 13h30 aan elke kind wat van die skool af kom 'n lekker broodjie, of 'n bord gekookte kos. Die bejaarde mense ontvang dan ook elkeen iets om te eet. Baie dankie aan Irene, en haar span mammas by die sopkombuis, wat vir ons die kos voorberei en uitdeel. Enige skenkings ten opsigte van die middagetes vir die kinders sal ook baie waardeer word.

Aangesien ons geweldige probleme ondervind met skenkings wat by die tentdorp afgelaai word en dan net "verdwyn" wil ons u asseblief versoek om onder geen omstandighede enige skenkings ten opsigte van die kinders se kos en klere en speelgoed ens. direk net by die tentdorp te gaan aflaai nie. Ons het 'n aparte stoortjie vir die kinders bekom, wat te alle tye gesluit bly, en al die skenkings vir die kinders en die bejaarde mense word hierin gebere, vanwaar dit dan op 'n verantwoordelike manier verdeel word en versprei word.

2) **GHOLFDAG:**

Ons sê byvoorbaat baie dankie aan Barbara Nel en haar span van die VLU OVERVAAL – JAKARANDA STREEK vir die gholfdag wat hulle vir ons reel vir Vrydag 15 Mei 2009, ten bate van ons **ASSIST A CHILD** fonds. Ons benodig egter nog dringend pryse en borge en indien julle kan help, kontak asseblief vir Barbara Nel op 076 194 1901. Ons wil die VLU ook graag bedank vir hulle skenking ten bate van die aankoop van skoolklere, skoolskoene en skryfbehoeftes vir die tentdorp se kinders. Ons kon gedurende Januarie 2009 vir al die tentdorp se kinders een stel nuwe somer-skoolklere en skoolskoene asook die nodige skryfbehoeftes aankoop. Ons kon ook met die beskikbare fondse gedurende April 2009 vir die kinders wat winter-skoolklere nodig gehad het, gaan aankoop.

3) **HOSANNA:**

Kyk gerus op Sondag 17 Mei 2009 om 06h30 na HOSANNA op SABC2. Daar word 'n hele program aangebied oor die Kroningspark Tentdorp, en ons "stimuleringsgroepie" word ook gewys. Daar word ook 'n onderhoud met Melodie gevoer, rakende **THE CRADLE OF HOPE** se werk in die tentdorp.

Pastoor Jakes Joubert van SPIRIT LIFE MINISTRIES praat ook rondom sy werk by die tentdorp.

4) **CARMEN LABUSCHAGNE:**
Op Vrydag 1 Mei 2009 het nog ‘n tragedie die tentdorp getref. Klein Carmen Labuschagne (3 maande) is in die tentdorp oorlede. Haar begrafnisdiens word gereel vir Vrydag middag 8 Mei 2009. Ons dink in ons gebede aan haar pappa en mamma.

Baie dankie aan almal wat ons werk ‘n bietjie makliker maak. Julle bereidwilligheid om betrokke te raak en te help word opreg waardeer.

Ons bank besonderhede is as volg:
THE CRADLE OF HOPE – ASSIST A CHILD
Eerste Nasionale Bank
Keywest Tak 256955
Rekening nommer 62196994498

Indien u ‘n belasting sertifikaat verlang, faks asb. die deposito strokie aan (011) 955-5112 of stuur ‘n e-pos aan ons finansiele direkteur by: albertus@thecradleofhope.org

Ons wil dit net benadruk dat ons nie uitsluitlik hulp lewer aan slegs die kinders van die Kroningspark tentdorp nie, maar dat ons ook hulp verleen aan ander kinders op ander plekke wat in soortgelyke omstandighede verkeer.

Psalm 32:8
“Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die weg wat jy moet gaan; Ek wil raad gee; my oog sal op jou wees.”

CRADLE groete

Melodie & Petra
THE CRADLE OF HOPE
Petra sel: 083 267 7707
Melodie sel: 082 459 5747

Artikel 21 Maatskappy: 2007/030236/08
NPO (NON PROFIT ORGANISATION) registrasie no: 062-511
PBO (PUBLIC BENEFIT ORGANISATION) registrasie no: 930 027 742
BTW registrasie no: 4760248593
Besoek gerus ons webblad: www.thecradleofhope.org